*Maandag* **3 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:13-17**
**VVV waardeur God se glorie duidelik word**

Gelukkig nie vreemde vlieënde voorwerpe nie. Maar “vlug, vasgryp en volhard”. Dis die taal van die Heilige Gees deur Paulus aan Timoteus.

In vers 11 die eerste V – Vlug weg van die materialisme (vs 9, 10) want dit het ’n aaklige “V” in hom, naamlik versoeking. Die begeerte na meer geld en besittings is om jou lewe te bou op ’n baie onseker “V” – verganklikheid.

In jou wegvlug van die materialisme, gryp vas aan die ewige lewe (vs 12). Hierin word die goeie belydenis verbind aan die belydenis wat Christus voor Pontius Pilatus afgelê het. In Johannes 18 bely Jesus dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Met sy “Ek is” kom die volle (w)Waarheid van God aan die lig.

“Ek is wat Ek is” bewys Homself as Here, as enigste Heerser, as Koning van die konings, as Here van die heersers, as Enigste wat alleen onsterflikheid besit. Vanaf Israel se bevryding uit Egipte, deur geslagte en eeue heen, teenoor alles nasies en volke. Om veral aan sy volk te wys en deur hulle aan die wêreld te bevestig: sy Seun, Jesus Christus, is die volledige oopmaak van “EK IS”, en daarin persoonlik die bewys van waarheid.

Vlug dan weg van verganklike dinge. Gryp Christus vas. En volhard met Hom en deur Hom (vs 14) totdat Hy met sy wederkoms weer sal verskyn.

Met vlug, vasgryp en volhard laat ons die glorie van God al meer in die wêreld skyn. Dit is wat lof beteken: om God se allesoortreffende waarde te erken. Om sy krag en heerlikheid voor alle mense, voor die hele skepping, te erken. Hiervoor neem die Gees ons op die pad van die VVV.

*Sing: Psalm 9-1:7*
*Ds. CA (Carel) Jansen (Secunda)*